



WETENSKAPLIKE BYDRAE VAN DIE PU VIR CHO

Reeks H: Inougurele nr. 63

**DIE VOORDEELTOEREKENINGSREËL –  
KNOOPPUNT VAN UITEENLOPENDE  
TEORIEË OOR DIE OOGMERK MET SKA-  
DEVERGOEDING**

**C.F.C. van der Walt**

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die  
amp as Hoogleraar in die Departement Pri-  
vaatreg aan die Potchefstroomse Universi-  
teit vir Christelike Hoër Onderwys op 4 Mei  
1979.

**Potchefstroom  
1980**

# DIE VOORDEELTOEREKENINGSREËL – KNOOPPUNT VAN UITEENLOPENDE TEORIEË OOR DIE OOGMERK MET SKADEVERGOEDING

C.F.C. van der Walt

## OPSOMMING

In hierdie ondersoek word gepoog om aan die hand van die Suid-Afrikaanse regspraak en wetgewing vas te stel of daar 'n enkele kriterium vir die beantwoording van die voordeeltorekeningsvraag aan die hand gedoen kan word.

Die voordeeltorekeningsvraag behels die kwessie of 'n verweerder wat deur 'n benadeelde vir skadevergoeding aangespreek word, teen daardie eis en ter vermindering van sy aanspreeklikheid kan opwerp dat die eiser uit die benadeling ook voordele geput het wat sy skade verminder of gekanselleer het.

Die oplossing van die bogenoemde kwessie word baie algemeen in die *kousaliteitstoets* en/of in die *skadebegrip* gesoek. Op die keper beskou is dit egter nie 'n kousaliteits- of 'n skadevraag nie. 'n Ander gebruiklike verklaring in verband met die voordeeltorekeningsvraag is dat dit 'n bewysregkwessie is wat met die *res inter alios acta*-reël opgelos kan word. Hierdie benadering word egter vandag algemeen verwerp.

'n Ondersoek van die positiewe reg bring aan die lig dat die voordeeltorekeningsvraag in die uiteenlopendste situasies ontstaan, byvoorbeeld: 1. waar 'n werkgewer sy beseerde werknemer se loon uit vrygewigheid aanhou betaal tydens laasgenoemde se arbeidsongeskiktheid; 2. waar 'n vrygewige derde 'n skenking aan 'n benadeelde doen; 3. waar die dood van 'n broodwinner meebring dat sy afhanklikes sekere voordele uit sy boedel vroeër ontvang as wat die geval sou gewees het indien die broodwinner sy normale verwagte lewensduur sou geniet het; 4. waar 'n wrak nog waarde het; 5. waar 'n verkoper na die kontrakbreuk van die koper die koopsaak teen 'n wins aan iemand anders verkoop; 6. waar 'n kontraktant wat nog nie van sy kant gepresteer het nie, as gevolg van die kontrakbreuk van die ander party die onkoste verbonde aan die bring van sy prestasie bespaar; 7. waar 'n beseerde tydens sy gevolglike arbeidsongeskiktheid geen inkomstebelasting betaal nie omdat hy geen inkomste het nie, ofskoon hy dalk wel uit vrygewigheidsbronne bedrae gelykstaande aan of hoër as sy gebruiklike be-

soldiging ontvang; 8. waar 'n benadeelde reeds uit hoofde van 'n versekeringspolis skadeloos gestel is en hy daarbenewens nog skadevergoeding van die dader eis (hier kan die gevalle van skade-, sosiale en aanspreeklikheidsversekering onderskei word). Indien die hantering van die voordeeltorekeningsvraag in die gemelde gevalle ontleed word, blyk dit dat die onderhawige kwessie wesenlik 'n *behorensvraag* is. Die antwoorde wat daarop gegee word, is gevolglik nie almal logies verklaarbaar nie dog val wel in duidelik aantoonbare kategorieë indien 'n mens die oogmerk(e) wat met die toekenning van skadevergoeding nagestreef word, as kriterium neem. Die hoofdoel met skadevergoeding is die volledig moontlike en wenslike vergoeding van skade. In ooreenstemming daarmee moet voordeeltorekening plaasvind sodra die skade gekanselleer is of, anders gestel, moet dit afgewys word solank die skade nog nie volledig vergoed is nie. Moontlike newe-oogmerke met skadevergoedingstoekenning kan wees om die dader te straf en om hom en ander tot beter toekomstige optrede op te voed of om te bewerkstellig dat die regte van die lede van die gemeenskap beskerm en gehandhaaf word en selfs om die koste aan die lewe in 'n moderne gemeenskap verbonde te help versprei. Hierdie newe-oogmerke kan afsonderlik of in verskillende kombinasies met mekaar in 'n besondere geval figureer en kan meebring dat voordeeltorekening gelas word al vind oorvergoeding plaas, of afgewys word al het dit ondervergoeding tot gevolg.

In eerste instansie moet daar dus vir die beantwoording van die voordeeltorekeningsvraag na die oogmerk met skadevergoedingstoekenning in die betrokke geval gevra word. Waar daardie bedoeling egter nie vasgestel kan word nie, kan gevra word na die *bedoeling* wat die voordeelgewer met die voordeel gehad het en met watter *gesindheid* die benadeelde daardie voordeel ontvang het. Voorts kan gevra word of die benadeelde nie dalk die betrokke voordeel deur sy dienslewering of premiebetaling verdien of gekoop het nie. Indien die geval dan nog nie opgelos kan word nie, kan daar soms by die oplossing aangeknoop word wat deur die oorwegings van billikheid, redelikheid en openbare belang voorgeskryf word.

## 1. INLEIDING EN VRAAGSTELLING

'n Mens se reaksie wanneer die titel van hierdie ondersoek die eerste keer gehoor word, is seker 'n effense onsekerheid. Indien daardie onsekerheid nie daaruit spruit dat die leser nog nie voorheen van so 'n vraagstelling gehoor het nie, sal dit meestal voortkom uit die oortuiging dat daardie betrokke gedeelte van die reg gelukkig geen noemenswaardige onduidelikhede bevat nie.

In wat hierna volg, gaan ek probeer om die ontsagwekkende vraagstukke en die multidissiplinêre verwickeldheid van die onderhawige regsgebied na vore te bring. Indien daar as gevolg hiervan meer vrae gestel as beantwoord word en die leser se aanvanklike gevoel van onsekerheid kwalik uit die weg geruim word, vertrou ek dat die skrywer hiervan nie te veel daarvoor verwyrt sal word nie.

Wat behels die voordeeltorekeningsprobleem dan? Daardie probleem wat skynbaar in elke beskaafde regstelsel aktueel is<sup>1)</sup> maar waarvan die inhoud en die strekwydte onvas is<sup>2)</sup> en in verband waarmee logika glo deur sy afwesigheid skitter?<sup>3)</sup>

Die voordeeltorekeningsvraag kan waarskynlik ten beste met behulp van 'n eenvoudige voorbeeld verduidelik word: Gestel A, wat op die sypaadjie stap, word deur 'n nalatige motoris B omgery. Die beserings deur A opgedoen bring vir hom mediese koste en 'n verlies van verdienste mee wat gesamentlik R10 000 bedra. Juis as gevolg van daardie ongeluk skenk sy welgestelde en jammerhartige tante C aan haar liefingsnefie A R10 000. In die onderhawige geval slaan die voordeeltorekeningsvraag nou daarop of B, wanneer hy deur A vir skadevergoeding aangespreek word, as teenargument kan opwerp dat A niks van hom kan verhaal nie omdat die nadeel wat A gely het deur die voordeel van sy tante se vrygewigheid gekanselleer is.

Dit is duidelik dat ons voorbeeld op twee uiteenlopende wyses benader kan word. So kan 'n mens as uitgangspunt stel dat B *vir al die skade wat hy veroorsaak het*, aanspreeklik gehou moet word (soos in *Ackerman v Loubser* 1918 OPD 31 35 gesê is). 'n Mens se uitgangspunt kan egter ook wees dat B slegs aanspreeklik gehou kan word *vir die skade wat A werklik gely het*. (Ingevolge hierdie benadering aanvaar ons voorlopig argumentshalwe dat 'n voordeel soos die onderhawige skenking wel A se skade kan verminder en selfs kanselleer.) Dat hierdie twee uitgangspunte in ons voorbeeld tot verskillende antwoorde sal lei, is duidelik: Indien die eerste uitgangspunt gehuldig word, word die skenking by die bepaling van A se skade buite rekening gelaat, maar ingevolge die tweede uitgangspunt sal verrekening daarvan

1. Per ar Rumpff in *Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt* 1973 2 SA 146 (A) 150D.

2. Per ar Trollip in *Santam* supra 168H.

3. Per LJ Donovan in *Browning v War Office*. 1963 1 QB 750 (CA) 762.

wel moet plaasvind<sup>4</sup>). Reeds in ons eenvoudige voorbeeld hang die antwoord wat op die voordeeltorekeningsvraag gegee word dus af van die doel wat ons met die aanspreeklikstelling van B wil nastreef. Voeg ons nou hier by dat daar in die ingewikkeldheid van die hedendaagse skadevergoedingsreg nog etlike ander doeleindes is waarvoor skadevergoedingstoekenning ingespan word en dat een enkele van daardie doeleindes baie selde los van die ander oogmerke by 'n skadevergoedingstoekenning figureer, dan begin ons pas die volle trefkrag van ons probleemstelling aanvoel.

## 2. BEGRIPSBEPALINGS

Uit wat hierbo gesê is, blyk dit dat daar allereers duidelikheid verkry moet word oor wat onder begrippe soos „skadevergoedingsreg”, „skade” en „skadevergoeding” verstaan word. In hierdie verband is dit miskien goed om eers 'n tussenwerpsel te maak in die woorde van Eric Morris aan sy lesers: „The points of law and problems of fact on which you will have to advise during your career will be as the stars in the heavens in their number or as the flowers of the field in their variety. There is one, you will find, that is as constant as the Pole Star, as glorious as the rosebud, and sometimes as elusive as the Scarlet Pimpernel. It is a simple word; it is a complex concept; it is a fundamental issue of fact. The topic is: damages”<sup>5</sup>).

Met Morris se waarskuwing in gedagte wil ek die *skadevergoedingsreg* omskryf as daardie groep reëls van die privaatrek wat met die ontstaan, inhoud, oordrag en tot niet gaan van verpligtinge tot die vergoeding van skade te make het.

*Skade* omskryf ek as 'n afname in die nuttigheid van 'n getroffe vermoënsbestanddeel of vermoënstruktuur vir die planmatige bevrediging van die betrokke vermoënshebbende se erkende behoeftes<sup>6</sup>). Dat hierdie omskrywing van skade wesenlik verskil van die tradisionele benadering wat deur die Appèlafdeling in *Union Government v Warneke* 1911 AD 657 in

4. Vir doeleindes van die huidige beredenering steeds aan die bogenoemde veronderstelling onderhewig.

5. Morris 1975 90.

6. 'n Vollediger uiteensetting van die argumente uit krag waarvan hierdie omskrywing gegroei het, is te vinde in Van der Walt, 1977 hoofstukke 7 en 8.

die Suid-Afrikaanse reg ingedra is, is duidelik. In daardie uitspraak is die sogenaamde sommeskadeleer, wat in 1855 deur Friedrich Mommsen geformuleer is<sup>7)</sup> en deur die geleibuis van Erwin Grueber<sup>8)</sup> hierheen oorgedra is, sonder meer<sup>9)</sup> aanvaar. Ingevolge die sommeskadeleer bestaan skade in die negatiewe verskil tussen die betrokke se huidige vermoënsposisie (na plaasvind van die gewraakte gebeurtenis) en sy hipotetiese vermoënsposisie wat huidig sou bestaan het indien die gewraakte gebeurtenis nie sou plaasgevind het nie. Dit hou dus in dat 'n huidige *werklike* vermoënsom vergelyk word met 'n *hipotetiese* huidige vermoënsom. Vandaar dan die benaming: sommeskadeleer. Ofskoon die versoeking groot is om die sommeskadeleer vervolgens stelselmatig te ontmasker, sal ons hier<sup>10)</sup> moet volstaan met die opmerking dat die eksponente van daardie skadeleer sonder enige voorbehoud betoog dat die voordeeltorekeningsprobleem vir hulle geen probleem is nie<sup>11)</sup>. Hulle meen klaarblyklik dat daardie probleem vanselfsprekend vanuit die sommeskadebegrip opgelos kan word. Soos hopelik duidelik uit my verdere uiteensetting sal blyk, kan die voordeeltorekeningsprobleem egter nie vanuit die sommeskadebegrip of enige ander skadebegrip opgelos word nie.

Dit moet dadelik toegegee word dat daar geen voordeeltorekeningsprobleem sou bestaan het indien die proses wat by die bepaling van skadevergoeding gevolg word, bloot uit die maak van 'n optelsom van al die voor- en nadelige gevolge van 'n skadestigtende gebeurtenis sou bestaan het nie.

7. Mommsen 1855 3.

8. Grueber 1886 269.

9. Dws sonder om die konstante stroom van kritiek teen hierdie skadebeskouing sedert die eerste proklamerings daarvan in ag te neem. Kyk bv na Cohnfeldt 1865 3-4 en Medicus, 2 3 327 336-8.

10. Vir 'n volledige uiteensetting van die kritiek teen die sommeskadeleer kan hoofstuk 2 tot 8 van Van der Walt 1977 geraadpleeg word.

11. Hiervan getuig bv JC de Wet en AH van Wyk 1978 203 waar hulle, nadat hulle die sommeskadeleer as hulle oortuiging gestel het, sê: „Dit bring noodwendig mee dat teen die nadelige gevolge van die kontrakbreuk die voordelige gevolge, as daar is, opgeweeg moet word” (my beklemtoning). Kyk ook NJ van der Merwe en PJJ Olivier 1976 175-178 en ar Trollip se afwykende uitspraak in *Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt supra* 171E-172A.

Die verste op hierdie pad gaan Van der Merwe en Olivier<sup>12)</sup>, wat die nie-inagneming van sekere voordele (wat bloot rekenkundig gesproke die nadeel verminder, uitwis of selfs te bowe gaan) streng afkeur. Ingevolge so 'n benadering sou 'n mens met betrekking tot die voorbeeld wat hierbo gegee is, waarskynlik moet redeneer dat die bedrag wat die jammerhartige tante C aan haar nefie A gegee het omdat hy deur B omgery is, sonder meer meebring dat A geen skadevergoeding van B kan verhaal nie. Dat hierdie resultaat waarskynlik nie die skenker sal aanstaan as sy besef dat die onverskillige B nou skotvry en met 'n beloning daarvan afkom nie, spreek vanself. Die laaste ding wat sy wou doen, was waarskynlik om 'n „geskenk” van R10 000 aan die wildvreemde B, wat boonop haar lieftingsnefie op die sy-paadjie omgery het, te gee. 'n Dergelike resultaat druis teen 'n mens se billikheidsgevoel in en kan nie goedgepraat word nie. Hieronder sal oorweeg moet word of hierdie gevoel van onbehaaglikheid met die resultaat wat deur 'n suiwer rekenkundige benadering van voordeeltorekening opgelewer word, wel op aanvaarbare gronde berus. Vir die huidige kan gestel word dat die resultaat van 'n bloot rekenkundige bewerking so 'n gevoel van billike verontwaardiging sal meebring. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat 'n mens hier met die onontwykbare vraag gekonfronteer word of die vrygewigheid van een persoon teenoor 'n benadeelde die aanspreeklikheid van die dader behoort te verminder. Só gestel is die voordeeltorekeningsvraag nou eenmaal nie 'n bloot rekenkundige nie maar 'n vraag wat ook, en veral, behorens-elemente bevat.

Die derde begrip wat ons hier moet omskryf, is *skadevergoeding*. Skadevergoeding dui myns insiens op daardie bedrag geld wat aan 'n benadeelde toegeken word as 'n ekwivalent<sup>13)</sup> van die verlore of verminderde nuttigheids waarde van sy vermoëns goed vir die bevrediging van sy erkende behoeftes. Dit behoef nou weinig betoog dat die hoofdoel met die toekenning van skadevergoeding juis moet wees om skade wat berokken is, agterna so goed moontlik te probeer herstel. Uit hierdie hoofdoel volg meteen dat skadevergoeding nooit in eerste instansie op iets anders of op meer as die blote ver-

12. 1976 175 ev veral 177.

13. Kyk ook Degenkolb, Der spezifische Inhalt des Schadensersatzes, 1890 76 AcP 17 en Bloembergen 53 55 114.

goeding van die benadeelde se skade gerig mag wees nie<sup>14</sup>). Dit beteken natuurlik nie dat 'n skadevergoedingstoekenning nie meteen ander, selfs heeltemal uiteenlopende oogmerke ook kan bevorder nie. Hieronder val veral oogmerke soos straf, afskrikking, rehabilitasie tot beter gedrag en kosteverspreiding<sup>15</sup>). Hierdie veelvuldige moontlike oogmerke wat afsonderlik of in verskillende kombinasies deur die toekenning van skadevergoeding bevorder kan word, is regstreeks verantwoordelik vir die pat-situasie waarin haas almal wat op soek is na 'n oplossing van die voordeeltorekeningsprobleem, verkeer. Hierdie verwarrende verskeidenheid bemoeilik die soeke na 'n norm vir die oplossing van die probleem geweldig. Die gebrek aan 'n dergelike norm (of minstens 'n bevredigende norm) het op sy beurt weer 'n moeilik oorskoubare veelheid van sogenaamd praktiese oplossings vir spesifieke gevalle tot gevolg. Die boemerangeffek van hierdie kasuïsme dien dan veral daartoe om die grondliggende norm vir voordeeltorekening nog dieper agter *ex post facto* gerasionaliseerde „oplossings” te verberg.

Voordat meer aandag aan hierdie kwessie bestee word, lyk dit egter vir my dienlik om eers vas te stel in watter tipes gevalle die voordeeltorekeningsprobleem meestal ontstaan en hoe dit dan beredder word.

14. Kyk oa Staudinger 1967. Vooropmerking 73; R Neuner *Interesse und Vermögensschaden* 1931 133 AcP 291; Mertens 1967 95 ev 98-99 108; Mommsen' 27; Fischer 1903 155 219; Bloembergen 1965 117; Van der Walt 1977 285 ev 500 ev.

Dieselfde mening word in die Suid-Afrikaanse regspraak gehuldig. Kyk bv *Union Government v Warneke supra* 662; *Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt supra* 152E 171E-H en *Milns v Protea Assurance Co* 1978 3 SA 1006 (K) 1012H.

15. Kyk bv 1949 2 NJW 303 (vonnisbespreking); K. Larenz *Präventionsprinzip und Ausgleichsprinzip im Schadensersatzrecht* 1959 12 NJW 865 ev; Larenz 1976 342 ev; Keuk 1972 48 ev; Wselb *Individualschaden und soziale Sicherung*, bylae tot 1966 17 VersR 5 19; Mertens 1976 109; en Van der Walt 1977 102-110 217-239.

### 3. TIPIESE GEVALLE WAAR DIE VOORDEELTOEREKENINGSVRAAG BEANTWOORD MOET WORD

#### 3.1 Gevalle waar die betrokke voordeel uit 'n weldoener se vrygewigheid voortkom

##### 3.1.1 Vrygewige en verstandige werkgewers

'n Mens kan aan verskillende situasies dink waar 'n werkgewer aanhou om 'n beseerde werknemer se salaris of loon aan hom te betaal ongeag of hy tydens sy hersteltydperk sy normale take behartig of nie.

Die eerste situasie wat na vore kom is waar die besoldiging ongeag die werknemer se algehele arbeidsongeskiktheid voortgaan. Dergelike feite het voor die Durbanse hof gedien in *Major v Yorkshire Insurance* 1949 1 PH JI (D). Daardie hof het beslis dat die voortgesette besoldiging van Major deur sy werkgewer buite rekening gelaat moet word by die vasstelling van die vergoeding wat hy vir die verlies aan verdienste as gevolg van sy arbeidsongeskiktheid van Yorkshire Insurance kon verhaal. Major se geslaagde argument was dat hy tydens sy algehele arbeidsongeskiktheid geen besoldiging verdien het nie; dat hy dit dus as 'n geskenk beskou wat hy as gevolg van sy werkgewer se vrygewigheid ontvang het sonder om enigsins daarop geregtig te wees. Voorts is betoog dat Major in 'n vergelykbare posisie met die begunstigde ingevolge 'n skadeversekeringskontrak was<sup>16</sup>). Analoog aan 'n premiebetalder ingevolge 'n versekeringskontrak het hy, luidens hierdie redenasie, reeds deur sy voorafgaande dienslewering as 't ware betaal vir die voortgesette besoldiging wat hy eers tydens sy latere arbeidsongeskiktheid ontvang het. Op hierdie argument sal later teruggekom word<sup>17</sup>).

In *Van Heerden v African Guarantee & Indemnity Insurance Co* 1951 3 SA 730 (C) moes die Kaapse hof daarvoor beslis of die voortgesette besoldiging van 'n winkelklerk, terwyl hy as gevolg van beserings wat hy in 'n motorbotsing opgedoen het nie kon werk nie, die versekeraar se aanspreek-

16. Hierdie argument is, luidens die verslag, ontleen aan Halsbury, Hailsham Edition, vol 10 par 144. Op die gevalle waarby die verrekening al dan nie van die opbrengs van versekeringskontrakte teen skadevergoedingsaansprake aan die orde is, word hieronder in 3.6 ingegaan.

17. Kyk by verwysing 29 en afd 5 *infra*.

likheid ingevolge die *Motorvoertuigassuransiewet* 29 van 1942 verminder of nie. Die onderhawige geval verskil volgens die hof weselik van die skadeverzekeringsgevalle waarna in die *Major*-saak *supra* verwys is. In daardie geval is die betrokke voordeel naamlik uit hoofde van *kontrak* ontvang nadat daar 'n *teenprestasie* gelewer is, terwyl die voordeel in die onderhawige geval uit 'n *delik* ontspring (731 D). Ofskoon r Van Zyl aanknoping soek<sup>18</sup>) by die „new supervening cause”- en „direct consequences”-argumente van twyfelagtige faam op die terrein van aanspreeklikheidsbegrensing (731 F), baseer hy sy beslissing dat voordeeltorekening wel moet plaasvind, op 'n ander oorweging. Op grond van Van Heerden se stelling in die hof dat hy die betrokke voortbetaalde bedrag as sy *salaris* ontvang het en nie as 'n blote weldaad van sy werkgewer nie, laat die hof die voordeeltorekening toe. Van Heerden was seker agterna baie spyt dat hy nie in die hof gesê het dat hy deurgaans gevoel en gewet het dat hy tydens sy arbeidsongeskiktheid op geen besoldiging geregtig was nie en dat hy dit dus as 'n weldaad van sy werkgewer beskou het nie. Indien hy laasgenoemde weg gevolg het, sou r Van Zyl (luidens sy eie woorde op 732 G) nie die voordeeltorekening toegelaat het nie<sup>19</sup>).

Dat voortgesette besoldiging van 'n arbeidsongeskikte werknemer buite rekening gelaat word waar die werkgewer hom uit vrygewigheid betaal, is in *Henning v South British Insurance Co* 1963 1 SA 272 (O) ook deur die Vrystaatse hof bevestig. In daardie geval het Henning 'n bedrag van die verweerder geëis ter vergoeding van sy verlies aan verdienste terwyl hy reeds, ingevolge artikel 38 van die *Ongevalwet* 30 van 1941, van die Ongevalle-

18. In navolging van r Pitman in *Richards v Richardson* 1929 EDL 146.

19. Die beslissing en die redes daarvoor in die *Van Heerden*-saak *supra* is ontleed en gekritiseer in 1951 SALJ 372 (RG McKerron), 1956 SALJ 47 (AS van der Spuy) en 1951 Annual Survey of South African Law 129 (RG McKerron). In *Henning v South British Insurance Co* 1963 1 SA 272 (O) 274H ev probeer r Smit tevergeefs om die uitspraak in die *Van Heerden*-saak *supra* met die *Major*-saak *supra* te versoen. Sy rasionalisering moet verwerp word omdat dit op die argument berus dat 'n beseerde, vir sover hy tydens sy arbeidsongeskiktheid *geregtig* is op besoldiging, geen *skade* ly as gevolg van daardie arbeidsongeskiktheid nie. Dit is 'n *contradictio* want die uitgangspunt is juis dat voordele waarop die beseerde geregtig is omdat hy daarvoor betaal het of dit verdien het, as 'n beginselsaak buite beskouing gelaat word. Verdere kritiek is uitgespreek in *Bosch v Parity Insurance Co* 1964 2 SA 449 (W) 452; *Morris v African Guarantee & Indemnity Co* 1964 4 SA 747 (W) 750 cv.

kommissaris periodieke betalings ten opsigte van 'n deel van sy verlies en ingevolge die Staatsdiensregulasies van sy werkgever 'n bedrag ten opsigte van die res van sy verlies ontvang het. Oor die verrekening van die bedrag wat hy van die Ongevallekommissaris ontvang het, was daar geen geskil nie<sup>20</sup>). Aangesien die magtigende bepaling in die Staatsdiensregulasies geen afdwingbare aansprake aan Henning gee nie en daardie deel van die betaling gevolglik as 'n daad van vrygewigheid beskou moet word, beslis r.p. Smit dat geen verrekening van daardie voordeel moet plaasvind nie. Ongelukkig verkies ook hy, soos al voorheen en agterna in ander howe gedoen is, om sy beslissing in die vorm van die Engelsregtelike bewysreël *res inter alios acta alteri nocere non debet* te giet (274 B ev, 275 E). Op die vraag of hierdie reël van die bewysreg vir die oplossing van die voordeeltorekeningsprobleem enige nut het, moet later nog gelet word<sup>21</sup>).

Ook vir die Witwatersrandse hof word die reël met betrekking tot vrygewigheidsbetalings in *Morris v African Guarantee & Indemnity Co* 1964 4 SA 747 (W) aanvaar.

Die Appèlafdeling kry eers in *Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt* 1973 2 SA 146 (A) die geleentheid om sy gesagdraende stem oor hierdie tipe geval te laat hoor. Byleveldt, 'n motorwerktuigkundige, het in 'n botsing tussen sy motor en 'n trekker ernstige permanente breinskade opgedoen as gevolg waarvan hy permanent gedeeltelik arbeidsongeskik was. Nietemin het sy werkgever hom weer sekere los en roetinetake van 'n elementêre aard laat verrig en aan hom die gebruikelike besoldiging van 'n werktuigkundige betaal. Die Transvaalse hof het by monde van r. Theron onder meer beslis dat Byleveldt nie medewerkend nalatig was met betrekking tot die botsing nie en dat dit deur die uitsluitlike nalatigheid van die trekkerbestuurder veroorsaak is. Voorts het die verhoorhof aan Byleveldt 'n bedrag ten opsigte van sy reeds gelede verlies aan verdienste toegeken nadat die verhoorhof aangedui het dat die bedrae wat Byleveldt na die botsing van die garage ontvang het, teen sy verlies aan verdienste verreken moes word. Teen die hele uitspraak van die verhoorhof het Santam toe appèl aangeteken. Hierop het Byleveldt 'n teenappèl aangeteken met die strekking dat die be-

20. Dit word gereël in art 8(1) van die *Ongevallewet* 30 van 1941 en kom in 3.6.2 *infra* aan die orde.

21. Kyk die bespreking hierna van ar Trollip se afwykende uitspraak in *Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt supra*.

drae wat na die botsing deur die garage aan Byleveldt betaal is, nie teen sy verlies aan verdienste verreken moes geword het nie.

Die Appèlafdeling bevestig eenparig die verhoorhof se bevinding met betrekking tot die oorsaak van die botsing en die gebrek aan enige nalatigheid aan die kant van Byleveldt. Oor die voordeeltorekeningsvraag loop die menings egter uiteen. Die meerderheid van die hof<sup>22</sup>) beslis dat daar geen dienskontrak aangegaan is toe aan Byleveldt na sy besering weer werkies toevertrou is nie<sup>23</sup>). In sy afwykende uitspraak meen ar Trollip dat daar wel so 'n dienskontrak tot stand gekom het (169C - 170F en 171D). Vir die meerderheid van die hof is dit duidelik dat die probleem in hierdie tipe gevalle by die vrygewigheidsbron begin indien 'n mens eenmaal aanvaar dat voordele uit 'n dergelike bron buite beskouing gelaat moet word — welke beginsel die meerderheid van die Appèlafdeling wel aanvaar<sup>24</sup>). Hoofregter Rumpff ag hierdiebeginsel trouens so sterk dat hy skynbaar geen voordeeltorekening sal toelaat nie al sou ook bevind word dat Byleveldt wel na sy besering 'n nuwe dienskontrak met die garage gesluit het en die garage hom ingevolge daardie kontrak besoldig het (154F-H). Die rede vir hierdie siening van die meerderheid van die hof, waarvoor hr Rumpff ook steun in die Engelse en Amerikaanse reg vind (152A-D), is dat 'n dergelike kontrak se inhoud, gesien die omstandighede waaronder Byleveldt werk, in elk geval nog van betaling uit oorwegings van vrygewigheid sou spreek (p. 154G). Volgens die meerderheidsuitspraak is die vraag dus nie of daar formeel 'n kontrak bestaan ingevolge waarvan die voortgesette besoldiging geskied nie, maar of die betrokke voordele wesenlik uit vrygewigheid ontstaan of nie

22. Hr Rumpff en arr Potgieter en Jansen, met wie ar Wessels in 'n afsonderlike uitspraak saamstem. Die afwykende minderheidsuitspraak is deur ar Trollip gelewer.

23. So word gesê dat Byleveldt in elk geval nie verstandelik bevoeg of in staat was om so 'n kontrak te sluit nie (kyk 154C, 166F-167F).

24. Hr Rumpff meld dat hiervoor van meet af aan op Engelse regspraak gesteun is en dat dieselfde reël ook in die meeste Amerikaanse en Kontinentale regstelsels geld. In *Parry v Cleaver* 1970 AC 1 op 14 regverdig lord Reid hierdie reël met verwysing na die „... ordinary man's sense of justice,...” as faset van die openbare beleid. Die stand van die Amerikaanse reg hieroor blyk uit 18 ALR 678, 95 ALR 575 veral 577 en 7 ALR 3d 519. Kyk verder Bloembergen 1965 346 ev en H Lange *Die Vorteilsausgleichung* 1978 10 JuS 649 op 655. Kyk ook *Dippenaar v Shield Insurance Co Ltd* 1979 2.SA 904(A) 904(A), 920 C-D.

(154H)<sup>25</sup>).

Soos reeds meegedeel is, meen ar Trollip in sy afwykende uitspraak dat die voortgesette besoldiging van Byleveldt ingevolge 'n nuwe dienskontrak, wat hy na die botsing met die garage gesluit het, geskied het. Byleveldt het dus besoldiging ontvang waarop hy geregtig was (171D). Appèlregter Trollip vind dit gevolglik in beginsel heel logies en in ooreenstemming met die onderliggende skadevergoedingsdoel van ons reg dat daardie besoldiging teen sy eis in verrekening gebring moet word (171E). Vir ar Trollip is die voordeeltorekeningsvraag duidelik 'n vraag van die *bewysreg* (172B ev) en/of die *skadebegrip* (172A en 173G-H).

As bewysregtelike reël is die *res inter alios acta*-reël egter, soos ar Trollip toegee, moeilik om aan te wend. Daarvolgens is getuienis van gebeure tussen A en B in 'n geskil tussen B en C nie toelaatbaar nie. Hierdie reël moet kennelik gekwalifiseer word, want feite rakende die verhouding tussen A en B kan maklik die verhouding tussen B en C beïnvloed, veral in skadevergoedingsgevalle. Die nodige kwalifikasie van die reël is vir ar Trollip te vinde in die antwoord op die vraag of die gebeure tussen A en B „any legal operation material to the subject of enquiry” tussen B en C het. Of getuienis van gebeure *inter alios* (tussen A en B) wel *inter partes* (tussen B en C) toelaatbaar is, kan volgens hom in finale instansie vasgestel word deur te vra na wat uit hoofde van die oorwegings van billikheid, redelikheid of die openbare beleid geverg word (172H). Dat die laasgenoemde oorwegings wel in verband met voordeeltorekening 'n belangrike rol speel, is ook deur die meerderheid van die hof ingesien (150F en 153C) en, soos hieronder<sup>26</sup>) sal blyk, meen ek dat dit selfs in die soeke na die norm vir die verrekening van voordele van hulp kan wees. Desnieteenstaande moet dit onomwonde gestel word dat enigiemand wat meen om die voordeeltorekeningsprobleem met die gemelde bewysregreël op te los, fouteer. Om daardie reël te kwalifiseer soos ar Trollip doen, voer die kwessie ook geensins verder nie, want sodoende vervang hy net die een vraag (te wete: moet verrekening plaasvind?) met 'n verdere vraag (te wete: het getuienis oor die tersaaklike

25. Ar Wessels gooi sy instemmende uitspraak oor die boeg van die *res inter alios acta*-reël. Sy argument is dat die voortgesette besoldiging genadebrood was wat aan Byleveldt toegeval het vanweë die garage se „voorbeeldige barmhartigheid” (167 H) en dat dit Santam gevolglik nie aangaan nie. In *Dippenaar v Shield Insurance Co Ltd* 1979 2 SA 904(A) 920B ev, word enigsins ander siening aangetref.  
26. Kyk 5 *infra*.

voordeel „any legal operation material to the subject of enquiry?”) – ’n vraag wat ewe moeilik is om te beantwoord as die eerste vraag. Die *res inter alios acta*-reël kan ons met die beantwoording van die voordeeltorekeningsvraag hoegenaamd nie help nie en moet gevolglik liefers met rus gelaat word<sup>27</sup>).

Die ander grondslag waarop ar Trollip met die voordeeltorekeningsvraag meen klaar te speel, is deur dit te stel dat die voortgesette besoldiging meebring dat Byleveldt geen skade gely het nie. Hier tref ons weer die sommeskadebenadering aan waarna al vroeër verwys is en waarop hieronder<sup>28</sup>) dieper ingegaan word.

Toe die meerderheidsuitspraak in die *Santam Versekeringsmaatskappy*-saak hierbo bespreek is, is gesê dat die bestaan al dan nie van ’n formele kontrak ingevolge waarvan die garage aan Byleveldt na sy besering vir sy gebrekkige dienste ’n salaris betaal het, volgens die meerderheid irrelevant is aangesien ’n dergelike kontrak (as daar een is) en/of besoldiging onomstootlik deur ’n barmhartigheidsoogmerk gedra word. In ’n hele reeks vorige uitsprake, waarvan *Bosch v Parity Insurance Co* 1964 2 SA 449 (W) 452 ev, *Morris v African Guarantee & Indemnity Co supra* 750G en 751C, en *May v Parity Insurance Co* 1967 1 SA 644 (D) 647 B voorbeelde is, het ons howe beslis dat geen voordeeltorekening moet plaasvind waar die besoldiging van ’n beseerde werknemer tydens sy arbeidsongeskiktheid voortgesit word nie, ongeag die feit dat die beseerde werknemer in daardie sake telkens uit hoofde van kontrak op sodanige voortbetaling *geregtig was*.

Die bogenoemde meerderheidsbenadering in die *Santam Versekeringsmaatskappy*-saak raak myns insiens nie die gemelde reeks uitsprake van Provinsiale Afdelings nie. Appèlregter Trollip se poging om die laasgenoemde reeks uitsprake van die *Santam Versekeringsmaatskappy*-saak te onderskei op grond daarvan dat die voordele in die een groep gevalle uit oorspronklike

27. In *HK Outfitters v Legal & General Assurance Society* 1975 1 SA 55 (T) .63H stel r Botha die *res inter alios acta*-reël duidelik in perspektief waar hy sê: „It is clear, however, in my view, that the maxim does not postulate any precise or definable legal doctrine, rule or principle (cf Byleveldt’s case, supra, per Rumpff JA, at p 151 F, and per Trollip JA, at p 172C-H). . At best it can serve as a kind of *ex post facto* rationalisation of a finding that a particular extraneous source of recoupment is to be regarded as legally irrelevant to the plaintiff’s claim for damages against the defendant” (ek beklemtoon).

28. Kyk 4.1 *infra*.

dienskontrakte ontspring het en nie uit 'n latere dienskontrak soos in die *Santam Versekeringsmaatskappy*-saak die geval was nie (171A-D), oortuig allermins. Die beseerde was òf op die tersaaklike voordeel geregtig òf hy was nie, en al was hy ook daarop geregtig, bring dit nog nie outomaties mee dat voordeeltorekening moet plaasvind nie.

Benewens die rede van vrygewigheid aangedui in die uitspraak van hr Rumpff in die *Santam Versekeringsmaatskappy*-saak (154F-G) kan etlike ander redes genoem word vir die besluit dat geen voordeeltorekening moet plaasvind nie al was die beseerde ook op die betrokke voordeel geregtig. By die bespreking van die *Major*-saak<sup>29</sup>) is reeds gesê dat so 'n voordeel deur die beseerde werknemer se voorafgaande dienslewering as 't ware *verdien* of gekoop kan wees. In sodanige gevalle sal meestal aangevoer kan word dat die werknemer juis bereid was om op sy spesifieke diensvoorwaardes ooreen te kom omdat die sekuriteit van voortgesette besoldiging in geval van sy arbeidsongeskiktheid een van die byvoordele was.

Vrygewigheid van die werkgewer en die gevalle van bedonge en/of verdiende byvoordele is egter nie die enigste oorwegings wat in verband met voortgesette besoldiging ter sprake kan kom nie. 'n Werkgewer mag goeie bedryfspolitiese redes vir 'n dergelike voortgesette besoldiging hê. Teenoor die beseerde werknemer en sy afhanklikes en teenoor ander bestaande en moontlike werknemers van hom sal dit 'n baie swak beleid wees om beseerde werknemers tydens hulle tydelike arbeidsongeskiktheid of verminderde arbeidsgeskiktheid in die steek te laat. Ook van voortgesette besoldiging op grond van dergelike oorwegings kan onomwonde gesê word dat die werkgewer beslis nie met sy betaling beoog om die dader wat vir die werknemer se besering verantwoordelik is, enigsins van sy aanspreeklikheid te verlos nie. Dienooreenkomstig behoort ook dergelike voordele nie vir verrekening in aanmerking te kom nie.

Ofskoon in die voorgaande bespreking slegs na die besoldiging van 'n beseerde werknemer verwys is, spreek dit seker vanself dat dieselfde gesê kan word waar die betrokke voordeel in 'n ander vorm gegiet word. So kan die beseerde se mediese en hospitaalkoste byvoorbeeld deur 'n fonds gedra word wat deur die werkgewer geskep en selfs geheel of gedeeltelik in stand gehou

29. Kyk by verwysings 12-13 *supra*.

word. So 'n geval was *Mills v Church* 1935 GWL 24<sup>30</sup>). Waar dergelike voordele as 'n vorm van versekering beskou kan word, kom dit hieronder in 3.6 weer ter sprake.

### 3.1.2 *Vrygewige derdes*

Na die uiteensetting in die vorige afdelings kan nou seker as gegewe aanvaar word dat voordele wat aan 'n benadeelde uit hoofde van 'n derde se vrygewigheid toegeval het, nie vir verrekening teen die benadeelde se skadevergoedingseis in aanmerking kom nie. Tot dusver het hierdie tipe geval hom ook reeds in ons regspraak voorgedoen waar nie van 'n werkgewer-werknemer-verhouding sprake was nie.

In *Klingman v Lowell* 1913 WLD 186 het die beseerde Klingman etlike maande lank na sy besering gratis by sy ouers ingewoon. Voor sy besering het hy elders teen betaling geloseer. Sonder om te weet of Klingman nie dalk tydens die gratis verblyf by sy ouers tog moes voortgaan om by sy ouloseerplek losies te betaal nie, beslis die Witwatersrandse hof dat die voordeel van sy gratis verblyf nie teen sy skadevergoedingseis verreken kan word nie<sup>31</sup>). Die oorwegings waarop r Curlewis vir die bereiking van hierdie slot-som gesteun het, is nie heeltemal duidelik nie. Enersyds lyk dit of hy in die posisie van 'n begunstigde ingevolge 'n skadeversekeringskontrak 'n tipe analogie wil soek. Andersyds maak hy van die voordeeltorekeningsvraag 'n behorenskewissie – 'n normatiewe vraag, dus (187).

Die voorbeeld wat ons ten aanvang gestel het, val ook in hierdie groep. Die voordeel wat die beseerde nefie van sy vrygewige en minsame tante ontvang het, bly dus buite beskouing in die skadevergoedingsgeding tussen die

30. Luidens die mededeling in 52 ALR 2d 1451 geld dieselfde reël in die Amerikaanse reg. Geen verrekening van dergelike voordele vind dus plaas nie. In die Engelse reg, daarenteen, is die reël in die onderhawige soort gevalle dat die helfte van sekere spesifieke voordele wat binne vyf jaar na die gewraakte gebeure na aanleiding van sekere persoonlike beserings uitbetaal word, wel verreken word (kyk Halsbury's op cit 4de uitg vol 12 par 1152).

31. Dieselfde geld van die meeste Amerikaanse howe, wat dit op praktiese oorwegings fundeer – kyk bv 18 ALR 2d 659.

nefie en B, wat hom omgery het<sup>32</sup>).

### 3.2 Gevalle waar afhanklikes sekere begunstigings vervroeg ontvang

Die enkele groep wat in sekere gevalle bloot finansiël gesproke die meeste by 'n onverwags vroeë afsterwe van iemand anders kan baat, is sekerlik daardie oorledene se afhanklikes. Dit spreek eintlik vanself dat die vervroegde ontvangs van die begunstigings uit die oorledene se boedel as 'n voordeel beskou moet word wat deur die broodwinner se vroeë dood vir sy afhanklikes ontstaan. Moet daardie voordeel nou in berekening gebring word wanneer sodanige afhanklikes vir hulle onderhoudsverlies skadevergoeding van die verantwoordelike dader eis?

Sedert *Hulley v Cox* 1923 AD 234 243-245 word nie daaraan getwyfel nie (kyk byvoorbeeld *Maasberg v Hunt Leuchars & Hepburn Ltd* 1944 WLD 2 11-12 en *Milns v Protea Assurance Co* 1978 3 SA 1006 (K) 1011B) dat die voordeel van so 'n vervroegde ontvangs van begunstigings wel teen die betrokke afhanklikes se eise verreken moet word. In daardie uitsprake word voorts aan die hand gedoen dat die toekomstige premiebesparing op versekering wat op die broodwinner se lewe afgesluit is, of die rente wat vir die betrokke periode op die vroeër ontvange geld verdien kan word, gebruik kan word om die omvang van die ontvange voordeel te bepaal. 'n Interessante besonderheid is dat dit in hierdie gevalle skynbaar irrelevant is of die betrokke afhanklike enigsins geregtig was op die begunstiging wat hy as gevolg van sy broodwinner se voortydige dood vervroeg ontvang het of nie. Hierby moet ook die uitsprake vermeld word waarin beslis is dat die opbrengs van versekeringskontrakte wat as gevolg van 'n broodwinner se voortydige dood vervroeg aan sy begunstigdes (vir sover hulle sy afhanklike(s) is) uitgekeer word, teen sodanige afhanklikes se eis op grond van onder-

32. In die Amerikaanse regspraak word skynbaar uiteenlopende antwoorde gegee op die vraag of die voordeel van gratis verpleging van 'n beseerde teen sy skadevergoedings-eis teen die dader in verrekening gebring moet word of nie. In sommige sake word voordeeltorekening afgewys (90 ALR 2d 1325) maar in ander nie (90 ALR 2d 1327). Waar 'n man sy beseerde vrou se verpleging self waarneem, laat sommige howe verrekening toe en ander nie, terwyl verrekening skynbaar wel plaasvind waar 'n vrou haar beseerde man verpleeg (90 ALR 2d 1330-1334). Waar 'n ouer of familielid sy kind versorg, vind voordeeltorekening egter nie plaas nie (90 ALR 2d 1334 ev). Kyk ook 1963 /64 77 Harv LR 741 746 ev.

houdsverlies verreken moet word<sup>33</sup>).

Dat dit ook by die toepassing van die voordeeltorekeningsreël op afhanklikes se eise nie altyd logies daaraan toegaan nie, blyk duidelik uit die regspraak in verband met sekere ander faktore wat teen sodanige eise op grond van onderhoudsverlies verreken word of nie word nie. So word 'n weduwee-afhanklike se vooruitsigte om weer te trou en sodoende 'n ander broodwinner te verkry<sup>34</sup>), en die feit dat afhanklikes wat 'n pensioen- of versekeringsopbrengs ontvang dit ontvang sonder dat verdere bydraës of premiebetaling geskied<sup>35</sup>), wel verreken. Hierteenoor word 'n weduwee-afhanklike se eie verdienvermoë nie in voordeeltorekening in berekening gebring nie<sup>36</sup>). Dit is goed begryplik dat 'n weduwee wat nie tydens haar man se lewe tot haar eie onderhoud moes bydra nie, nie na sy dood, ten voordele van die dader wat vir sy dood verantwoordelik is, deur middel van voordeeltorekening gedwing moet word om haarself te onderhou nie. Hoe en waarom 'n onkwantifiseerbare „voordeel” soos die moontlike verkryging van 'n ander broodwinner deur hertrou (hoe kapitaalkragtig gaan hy byvoorbeeld wees?) egter verreken kan word, val nie in te sien nie.

Wat waarskynlik wel met betrekking tot afhanklikes se aksie op grond van die dood van hulle broodwinner gesê kan word, is dat dit 'n aksie is waarmee beoog word om die afhanklike te vergoed vir die onderhoud wat hy inderdaad benodig en wat sy broodwinner voorheen vir hom kon gegee het<sup>37</sup>). Aangesien onderhoudsaansprake op die balans tussen die *werklike*

33. Kyk by *Legal Insurance Co v Botes* 1963 1 SA 608 (A) 620E. *ev* en *Groenewald v Snyders* 1966 3 SA 237 (A) 247A, maar vgl die *Wet op die berekening van skadevergoeding* 9 van 1969 in 3.6.2 *infra*.

34. Kyk by *Legal Insurance Co v Botes supra* 617D *ev*, *Ongevallekommissaris v Santam Versekeringsmaatskappy* 1965 2 SA 193 (T) 205 H *ev* en *Peri-urban Areas Health Board v Munarin* 1965 3 SA 367 (A) 376D.

35. Kyk by *Snyders v Groenewald* 1966 3 SA 785 (C) 789A *mbt* pensioenbydraes) en *Groenewald v Snyders* 1966 3 SA 237 (A) 244 F (*mbt* premiebetaling).

36. Kyk by *Ongevallekommissaris v Santam Versekeringsmaatskappy supra* 205H *ev*. Alles wat die oorlede broodwinner tot by sy dood verdien het, uit watter bron ook al, moet egter in ag geneem word by die bepaling van sy vermoë om onderhoud te gee – kyk by 81 ALR 2d 950-951.

37. Kyk by *Legal Insurance Co v Botes supra* 614, *Ongevallekommissaris v Santam Versekeringsmaatskappy supra* 205H.

behoefte van die afhanklike en die vermoë van die onderhoudspligtige<sup>38</sup>) berus, kan 'n mens verwag dat enigiets wat die afhanklike se behoefte aan onderhoud op 'n kwantifiseerbare wyse verminder, ook die skadevergoeding wat hy van die verantwoordelike dader eis (en wat bedoel is om die dinamiese balans wat daar voorheen tussen die behoefte aan onderhoud en die vermoë om onderhoud te gee bestaan het, weer met 'n ekwivalent te simuleer), behoort te verminder. Kyk egter na die Wetgewer se ingreep op hierdie terrein met die *Wet op die berekening van skadevergoeding* 9 van 1969, wat hieronder in 3.6.2 weergegee word.

### 3.3 Gevalle waar 'n wrak nog waarde het

Om die waarde van 'n verrinneweerde saak vas te stel is 'n onmisbare stap in die bepaling van die skade wat deur die aantasting van die saak gely is. Die ander en ewe onmisbare stap is om die waarde van die saak voor die verrinnewing daarvan vas te stel. Die verskil tussen daardie twee waardes is dan die skade wat deur die verinnewing veroorsaak is<sup>39</sup>).

Normaalweg is die waarde van die wrak na die voorkoms van die gewraakte gebeurtenis dus van belang vir die skadevasstelling, maar wat moet van die wrak self word? Kan (of moet) die benadeelde die wrak hou, of koop die skadevergoedingspligtige as 't ware die wrak wanneer hy skadevergoeding presteer? Dit lyk vir my logies dat die resterende waarde van 'n wrak ten volle in verrekening gebring moet word teen die skadevergoeding waartoe die dader gelas word. In *Pretoria Light Aircraft Co v Midland Aviation Co*. 1950 2 SA 656 (N) (waar die onderdeel van 'n vliegtuig wat aan die Midland Aviation Co gegee is om dit vir die eiser aanmekaar te sit en dit toe in 'n brand so beskadig is dat dit nie meer aanmekaargesit kon word nie) het die Natalse hof beslis dat die oorblywende wrakdele nie deur die eiser ontvang hoef te word nie en dat die waarde daarvan nie teen sy skadevergoedingseis verreken moet word nie (663). Waarnemende regter Caney baseer sy uitspraak op die eiser se aanspraak op die behoorlike nakoming van die kontrak

38. Kyk *Legal Insurance Co v Botes supra* 614 en die gesag daar aangehaal.

39. Kyk bv *Scrooby v Engelbrecht* 1940 TPD 100 102 ev; *Enslin v Meyer* 1960 4 SA 520 (T) 522-3; *Wijtenburg Holdings (Flaming Dry Cleaners) v Bobroff* 1970 4 SA 197 (T) 205C-D; *Albertus v Jacobs* 1975 3 SA 836 (W) 837D; *Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt* 1973 2 SA 146 (A) 150 B.

wat hy met die verweerder gehad het. Die bestaan van daardie kontraktuele aanspraak moet derhalwe as die rede vir die afwysing van voordeeltorekening in daardie geval beskou word.

### 3.4 Gevalle waar die skuldoorsaak kontrakbreuk is

'n Tipe feitestel wat onder hierdie opskrif geplaas kan word, is waar 'n verkoper die koopsaak wat reeds deur hom verkoop is, na die eerste koper se kontrakbreuk en sy eie terugtrede, teen dieselfde of 'n beter prys aan 'n verdere koper verkoop en nou van die eerste (ontroue) koper skadevergoeding eis. Kan daardie verweerder nou op verrekening van die voordeel van die gunstige verdere verkoping teen die skadevergoedingsaanspraak aandring?

In die soortgelyke saak van *Hunter v Schapiro* 1955 3 SA 28 (D) (waar die verkoper van 'n perseel nie betyds aan die koper okkupasie gegee het nie en laasgenoemde 'n huurkontrak met 'n derde ten opsigte van daardie perseel nie kon nakom nie, as gevolg waarvan die huurder teruggetree het en die koper (verhuurder) die perseel toe teen 'n wins verder verkoop het) het die Durbanse hof geweier om verrekening van die voordeel van die gunstige verdere verkoping toe te laat. Geen redes vir daardie beslissing word aangegee nie en ofskoon die resultaat 'n mens se billikheidsgevoel miskien bevredig, kan nie ontken word dat regsekerheid beter gedien word waar die norm aan die hand waarvan 'n beslissing bereik word, duidelik aangedui word nie.

'n Ander tipe geval in verband met die kontrakbreuk van een party en die gevolglike terugtrede van die ander party is waar laasgenoemde nog nie geprester het of hom in die posisie geplaas het om te presteer nie. Dit het dan tot gevolg dat die terugtrede party nie meer enige koste hoef aan te gaan om sy deel van die gewese kontrak na te kom nie. Wanneer 'n skadevergoedingseis nou op die kontrakbreuk en terugtrede volg, is die vraag of die kontrakbreker daarop kan aandring dat daardie bespaarde uitgawes teen die skadevergoedingsaanspraak verreken word.

In twee uitsprake van die Natalse hof, te wete *Vahl & Sanders v Mfinyeli* 1915 NPD 149 159 ev en *Goolam v Comrie* 1925 NPD 103 is onder ande-

re<sup>40)</sup> beslis dat in sodanige gevalle slegs die verskil tussen die kontrakprys en die uitgawes wat ter nakoming van die eiser se prestasieplig aangegaan sou moes geword het as skadevergoeding verhaal kan word. Die voordeel van die bespaarde uitgawes word dus wel verreken; anders gestel: die eiser se skadevergoedingsaanspraak bly beperk tot die wins wat hy uit die kontrak sou maak het. Ook hierdie resultaat lyk billik.

Die oplossings wat gegee is vir die voorgaande twee tipes situasies wat na kontrakbreuk kan ontstaan, het, elkeen afsonderlik beskou, nie teen die regsgevoel geskreeu nie. Indien daardie gevalle egter langs mekaar geplaas word, is daar geen voor-die-hand-iggende rede vir die uiteenlopende antwoorde wat in die twee soorte gevalle op die voordeeltorekeningsvraag gegee word nie. In die laasgemelde geval word aan die eiser sy wins op die gebreekte kontrak toegelaat, terwyl hy in die eersgemelde geval die kontrakprys uit hoofde van die gebreekte kontrak (waarby 'n bedrag as sy wins uiteraard reeds ingesluit was) en sy wins uit die verdere verkoping verkry! Is die norm nou dat die voordeeltorekeningsprobleem altyd so opgelos moet word dat die eiser nie sy wins inboet nie?

### 3.5 Gevalle waar 'n beseerde tydens sy arbeidsongeskiktheid geen inkomstebelasting betaal nie

Dit kan gebeur dat 'n arbeidsongeskikte beseerde persoon 'n tyd lank geen belasbare inkomste het nie en dus geen inkomstebelasting betaal nie. Wanneer die beseerde nou vergoeding van sy verlies aan verdienste van die verantwoordelike dader eis, is die vraag of die dader kan opwerp dat die beseerde eintlik tydens sy arbeidsongeskiktheid ten bedrae van sy normale

40. *Vahl & Sanders v Mfinyeli supra* 160 bevat ook belangrike uitsprake oor 'n eiser se plig om sy skade te beperk. Oor die skadebeperkingsplig handel ons huidige ondersoek nie. Ander sake hieroor wat sydelings raakgelees is, is: *Denny v SA Loan, Mortgage & Mercantile Agency* 3 EDC 47 59; *Hunt v Eastern Province Boating Co* 3 EDC 12 23; *Byron v Cape Sundays River Settlements Ltd* 1923 EDL 117 139; *Farrington v Arkin* 1921 CPD 286 290; *Bulmer v Woollens* 1926 CPD 459 468; *Myers v Abramson* 1952 3 SA 121 (C) 127 (die voorgaande almal mbt dienskontrakte; *Versfeld v SA Citrus Farms* 1930 AD 452 454 460; *Dykes v Gavanne Investments* 1962 1 SA 16 (T) 18 (albei mbt ander kontrakte); *Hazis v Transvaal and Delagoa Bay Investment Co* 1938 AD 372 388; *Hunt v Eastern Province Boating Co supra* 24; *Lampakis v Dimitri* 1937 TPD 138 143; *Dykes v Gavanne Investments supra* 18 (mbt die bewyslas); *G & M Builders Supplies v SAR & H* 1942 TPD 120 121 (mbt goedkoop eie herstelwerk). Oor die skadebeperkingsplig handel ook 47 ALR 3d 236.

inkomstebelastingaanspreeklikheid beter daaraan toe is as voor sy besering, en of die dader kan verg dat sy skadevergoedingseis dus met die bedrag van die beseerde se normale belastingpligtigheid verminder moet word.

In so 'n tipe geval, te wete *Pitt v Economic Insurance Co* 1957 3 SA 284 (D) 287A ev, beslis die Durbanse hof dat die voordeel dat die eiser vir 'n tydperk geen inkomstebelasting betaal het nie ofskoon hy wel geld van sy werkgewer (waarop hy nie geregtig was nie) uit vrygewigheid ontvang het, wel teen sy skadevergoedingseis verreken moet word. Vir hierdie uitspraak steun die hof op die Engelse hofspraak van *British Transport Commission v Gourley* 1956 AC 185, 1955 3 All ER 796<sup>41</sup>). Die Appèlafdeling het in *Whitfield v Phillips* 1957 3 SA 318 (A) 345 D-E, by monde van arr Steyn en Brink twyfel uitgespreek oor die korrektheid van die pasgemelde beslissing van die House of Lords maar het die vraag oor die verrekenbaarheid van belastingbesparings oopgelaat.

Indien 'n mens logies redeneer, is daar natuurlik geen rede waarom 'n dergelike belastingbesparing nie verreken moet word nie. Die implikasie daarvan is egter dat die beseerde, terwyl hy om 'n spesifieke belastingpolitieke rede nie deur die Staat belas word nie, tog die bedrag wat hy andersins aan belasting sou moes betaal het aan die dader moet prysgee. Dat hierdie gevolg nie met die doel van die Staat met die betrokke belastingverligting te rym is nie, val nie te betwyfel nie.

**3.6 Gevalle waar 'n versekeraar reeds ingevolge 'n versekeringskontrak aan die benadeelde gepresteer het wanneer laasgenoemde skadevergoeding van die dader eis**

### *3.6.1 Skadeversekering*

Die Suid-Afrikaanse *locus classicus* oor hierdie tipe gevalle is die uitspraak in *McKenzie v SA Taxi Cab* 1910 WLD 232. Omdat daarin egter sonder enige omhaal van woorde op die Engelse regspraak teruggeval word, lyk dit sinvol om heel voor te begin.

Die verhaal begin skynbaar by lord chancellor Hardwicke se uitspraak in

41. In die meeste state in Amerika word belastingbesparing skynbaar buite beskouing gelaat – kyk 1963/64 77 Harv LR 741 747.

*Randal v Cockran* 1748 1 Ves Sen 99 (27 ER 916). Hy stel dít daar baie duidelik dat 'n versekeraar wat gepresteer het daarna in die versekerde se plek te staan kom. Daarom is die versekerde wat nadat hy deur sy versekeraar skadeloos gestel is nog iets van die dader verhaal, in die posisie van 'n trustee teenoor die versekeraar vir dit wat hy sodoende verhaal. In *Mason v Sainsbury* 1782 3 Dougl 61 (99 ER 538) word dienooreenkomstig-beslis dat 'n versekeraar wat sy versekerde skadeloos gestel het in daardie versekerde se plek tree en ook in laasgenoemde se naam teen die dader kan ageer ten einde sy eie fondse weer aan te vul. Hierdie twee uitsprake vind sodanige navolging (bv in *Clark v Blything* 1823 2 B & C 254 (107 ER 378) dat r Park (saam met rr Vaughn en Bosanquet) in *Yates v Whyte* 1838 4 Bing NC 272 (132 ER 793) dit al as geykte reg kan bestempel dat 'n versekeraar wat sy versekerde skadeloos gestel het daarna teen daardie versekerde kan ageer om enigiets wat laasgenoemde verder van die dader verhaal het van hom op te Vorder. *Yates v Whyte supra* word weer gevolg as Barons Bramwell, Pigott en Amphlett eenparig hulle uitspraak in *Bradburn v Great Western Rail Co* 1874-80 A11 ER 195 (LR 10 Ex 1; 44 LJ Ex 9; 31 LT 464; 23 WR 48) lewer. Bradburn was een van die passasiers wat beseer is toe die verweerder se trein 'n pletterstop uitgevoer het. Op grond van 'n skadeversekeringskontrak is daar toe 'n bedrag aan Bradburn uitgekeer. Daarna spreek hy die verweerder vir skadevergoeding aan en die vraag ontstaan of die versekeringsopbrengs nie teen sy skadevergoedingsaanspraak verreken moet word nie. Uitgaande van die vorige uitspraak in *Yates v Whyte supra* beslis die hof dat geen voordeeltorekening moet plaasvind nie. Hulle grond die beslissing kortweg daarop dat Bradburn die moeite en onkoste bestee het om hom teen 'n dergelike gevaar te verseker en gevolglik is dit niks meer as reg dat hy die polisopbrengs en sy skadevergoedingseis onverminderd ontvang nie (196 H-1).

Uit die voormelde regspraak blyk die volgende reëls<sup>42</sup>): 1. Die versekerde mag sy versekeringsopbrengs en skadevergoeding kumuleer (die kumulasiereël). 2. Die versekerde wat deur sy versekeraar skadeloos gestel is, kom teenoor hom in 'n trusteeposisie te staan met betrekking tot enige verdere bedrag wat hy van die dader verhaal (die nie-verrykingsreël). 3. Die verse-

42. Kyk bv ook 1963/64 77 Harv LR 741 742, 18 ALR 686, 95 ALR 579; J Fleming *International Encyclopedia of Comparative Law* vol XI Torts Ch 11, Collateral Benefits.

keraar kan self, in die naam van die versekerde, teen die dader ageer (die regresreël). Uiteraard hou veral die nie-verrykingsreël en die regresreël noue verband, met as gevolg dat die versekerde nie meer ontvang as dat sy skade vergoed word nie en dat die dader nie deur die versekeraar se prestasie begunstig word nie.

In *McKenzie v SA Taxi Cab supra* moes r Bristowe daaroor beslis of McKenzie, wat beseer is toe hy deur een van verweerder se taxi's omgery is maar wie se mediese en hospitaalonkoste reeds betaal is ingevolge 'n mediese skema waartoe McKenzie bygedra het, se skadevergoedingsaanspraak deur die prestasie van die mediese skema verminder word. Die hof beslis sonder meer, op gesag van die *Bradburn*-saak *supra*, dat geen voordeeltorekening moet plaasvind nie (234). Die kumulasiereël is dus toegepas. Ofskoon daar reeds in 1898 in *Weber v The Africander GM Co* 1898 5 OR 251 255-256 by wyse van argument na hierdie reël verwys is, is dit eers in die *McKenzie*-saak *supra* so duidelik gestel.

Die Vrystaatse hof volg die aangeduide koers met sy beslissing in *Ackerman v Loubser* 1918 OPD 31. Loubser se hond het teen Ackerman se motor vagehardloop en dit beskadig. Die herstelkoste aan die motor is deur Ackerman se versekeraar betaal. Toe Ackerman daarna die volle skadevergoeding van Loubser eis, ontstaan die vraag of voordeeltorekening nie moet plaasvind nie. Die hof beslis van nee, en wel omdat die versekeraar ter nakoming van sy kontrak met Ackerman gepresteer het (33) en daardie kontrak, wat Loubser betref, *res inter alios acta* was (36). Desnieteenstaande vind geen dubbele vergoeding van Ackerman plaas nie omdat hy, vir sover hy meer ontvang as wat nodig is om sy skade te vergoed, ontvang as trustee van die versekeraar wat teenoor hom gepresteer het (36) en die versekeraar kan deur subrogasie in eie naam (34-35) of as sessionaris in Ackerman se naam (35-36) teen Loubser ageer. Loubser sal dus slegs een keer hoef te betaal, terwyl Ackerman net een keer vergoed word (36) en die versekeraar sy regres kan uitoefen.

Al drie die reeds gestelde reëls, naamlik die van kumulاسie, nie-verryking en regres, is in die *Ackerman*-saak *supra* toegepas. Tog lyk dit of r Ward meen dat hy tot 'n ander bevinding sou gekom het indien dit geblyk het dat die versekeraar sy prestasie verrig het met die *doel* om Loubser se aanspreeklikheid vir skadevergoeding te verminder — selfs al het Ackerman nie daarvan geweet of dit goedgekeur nie. Met die oog op die verdere bespreking is dit belangrik dat daar, benewens en/of afgesien van die nou reeds geykte reëls, na die *bedoeling van die bewerker van die voordeel met daardie voordeel* gevra kan word.

In die volle besef dat dit dubbele vergoeding kan bewerkstellig, pas die

Transvaalse hof in *Van der Westhuizen v Du Preez* 1928 TPD 45 die kumulasiereël toe. Dit was 'n geval waar die beseerde Van der Westhuizen uit 'n siekefonds, waaraan hy ingevolge sy diensvoorwaardes moet behoort en waartoe hy moet bydra, 'n gedeelte van sy besoldiging en sy mediese en hospitaalontkoste ontvang het. Uitgaande van die *McKenzie*-, *Bradburn*-, *Klingman*- en *Ackerman*-sake *supra* en die argument dat hy slegs ontvang het waarvoor hy bygedra het, weier r Greenberg om daardie voordele teen Van der Westhuizen se eis op grond van sy verlies aan verdienste te verreken.

In *Chi v Lodi* 1949 2 SA 507 (T) kry r Nesor en wr Lucas in Transvaal die geleentheid om die regresreëls in enigsins nuwe omstandighede te herbevestig. Chi het skade gely toe Lodi se motor van agter teen syne gebots en dit teen 'n bus vasgestamp het. Chi se versekeraar het aan hom gepresteer en nou eis die versekeraar in Chi se naam, sonder duidelike bewys van sessie, vergoeding van Lodi. Die hof beslis dat dit in orde is vir die versekeraar wat aan Chi ingevolge hulle versekeringskontrak uitbetaal het, om sonder meer in Chi se naam teen Lodi te ageer (510-511). Ofskoon r Nesor nie na subrogasie verwys nie, is dit kennelik wat hier toegepas is.

Die belangrikheid van die bedoeling waarmee 'n betaling gemaak is, is reeds hierbo by die bespreking van die *Ackerman*-saak aangemerkt. Hierdie faktor is later in *Teper v McGees Motors* 1956 1 SA 738 (C) duidelik as deel van die *ratio decidendi* gestel. Teper het sy motor in McGee se garage gebêre, waar die motor beskadig is. Teper se versekeraar laat die motor toe herstel — ironies genoeg, by McGee se garage. Daarna stel Teper 'n skadevergoedingsaksie teen die garage in en in die landdroshof word absolusie van die instansie gegee. Hierteen word nou geappelleer. Voor r Ogilvie Thompson word betoog dat geen getuienis oor die prestasie van die versekeraar gelewer mag word nie omdat dit *res inter alios acta* sou wees. Hy beslis dat daardie reël nie algemeen toepaslik is nie (742 D) en wys daarop dat getuienis met betrekking tot die versekeraar se prestasie dalk tog relevant kan wees om te bepaal met watter bedoeling daardie prestasie gelewer is (742B). Gevolglik beslis die hof dat geen voordeeltorekening plaasvind nie en dat volledige vergoeding van Teper se skade moet plaasvind, maar dat dit impliseer dat hy nie deur middel van die skadevergoedingstoekenning verryk mag word nie. Die kumulasiereël en nie-verrykingsreël is dus toegepas, terwyl klem gelê is op die bedoeling waarmee daar gepresteer is.

In ooreenstemming met die voorgaande uitsprake beslis die Vrystaatse hof in *Van Dyk v Cordier* 1965 3 SA 723 (O). Na 'n botsing waarin Van Dyk se motor beskadig is, gelas sy versekeraar hom om die herstelwerk te laat doen vir die versekeraar se rekening. Toe Van Dyk daarna skadevergoeding van Cordier eis sonder om te bewys dat hy sessie van die versekeraar se

aksie (vir wie se voordeel hy in der waarheid eis) verkry het, word sy eis van die hand gewys. Hierteen gaan Van Dyk in hoër beroep voor rr De Villiers en Hofmeyr voor wie hy sukses behaal (725A). Vir die bereiking van hierdie slotsom steun die hof op die regresreël, die *res inter alios acta*-gedagte en — veral — op die feit dat Cordier nie aangevoer of bewys het dat die versekeraar, toe hy vir die herstelwerk aan Van Dyk se motor betaal het, dit gedoen het met *die bedoeling*<sup>43)</sup> om aan Cordier se aanspreeklikheid teenoor Van Dyk te voldoen nie (725B).

### 3.6.2 Sosiale versekering

Soos verwag kan word, figureer die verskillende vorms van sosiale versekering in die moderne Westerse versorgingstate baie prominent op die terrein van die voordeeltorekeningsproblematiek<sup>44)</sup>. In ons reg, wat in hierdie verband nog nie so ver gevorder het as wat miskien elders die geval is nie, is daar relatief min gewens hieroor. Sover ek kon vasstel, word daar slegs in enkele gevalle deur die Suid-Afrikaanse wetgewer reëlings getref wat die voordeeltorekeningsvraag raak.

Dit is goed bekend dat werkslui wat beseer word in die omstandighede wat deur die *Ongevalwet* 30 van 1941 omlyn is, op 'n bedrag skadeloosstelling ('n tegniese uitdrukking in die Wet) van die Ongevallekommissaris geregtig is. Indien die beseerde daarbenewens nog skadevergoeding van die dader eis, word laasgenoemde eis beperk tot die verskil tussen sy volle skadevergoedingsaanspraak en die bedrag skadeloosstelling wat hy van die Ongevallekommissaris ontvang het<sup>45)</sup>. Dit is duidelik dat die kumulatie- en nie-errykingsreëls die agtergrond vir hierdie reëling vorm.

Voorts het die Wetgewer dit goedgevind om aan die Ongevallekommissaris 'n regesaanspraak teen die dader of sy versekeraar te gee vir sover hy die

43. Die bedoeling is ook in *Mills v Church* 1935 GWL 24 29-30 beklemtoon.

44. Kyk bv 18 ALR 686, 175 ALR 728, 48 ALR 2d 1285, 75 ALR 2d 885, 84 ALR 2d 1110, 4 ALR 3d 535; 77 ALR 3d 366; verder ook 1978 10 JuS 649 656, 1949/50 Harv LR 330 ev; 1963/64 77 Harv LR 741 743. Bloembergen *op cit* 351 ev; Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt supra 150H..

45. Kyk art 8(1)(a) Wet 30 van 1941, asook *Bonheim v South British Insurance Co.* 1962 3 SA 259 (A) 265 A - 268 A.

beseerde skadeloos gestel het<sup>46</sup>). Hier is die regresreël dus neergelê.

Die enigste ander wet waarin die Wetgewer voordeeltorekeningsvrae wou opklaar, is die *Wet op die berekening van skadevergoeding* 9 van 1969, waarin die posisie van afhanklikes wat op grond van die dood van hulle broodwinner skadevergoeding eis, verbeter is. In artikel 1 van daardie Wet word naamlik bepaal dat geen voordeeltorekening in dergelike gevalle sal geskied ten opsigte van enige *versekeringsopbrengs* (wat 'n terugbetaling van premies en rente daarop insluit), *pensioen* (wat 'n terugbetaling van bydraes en rente daarop, asook enige gratifikasie of ander enkelbedragvoordeel uit hoofde van die oorledene se diens insluit) of *voordeel* wat deur 'n onderlinge hulpvereniging of 'n vakvereniging vir die onderhoud van 'n lid se afhanklikes uitbetaal word nie.

Vir hierdie ingreep van die Wetgewer bestaan daar na my mening geen logiese grond nie. Wanneer 'n mens egter lees wat die destydse Adjunk-Minister van Justisie tydens die Tweede Lesing-debat in die Volksraad daaroor meegedeel het (1969 25 Hansard van 17 Februarie 1969 kolom 860-861) is dit duidelik dat die Wetgewer 'n situasie wat as *onbillik* aanvoel is, wou teëgaan. Met hierdie motivering is daar, die vaagheid daarvan ten spyt, in verband met die voordeeltorekeningsvraag nie fout te vind nie.

Die ander probleme rakende voordeeltorekening in gevalle waar skadevergoedingse ingestel word benewens die feit dat sosiale voordele ontvang is of staan te word, is in ons reg nie spesifiek gereël nie en regspraak daaroor is skaars. Dit beteken waarskynlik dat in gevalle waar van werkloosheidsversekeringsvoordele of ander pensioenvoordele sprake is die algemene reëls behoort te geld. Verrekening van dergelike voordele sal dus na alle waarskynlikheid nie plaasvind nie<sup>47</sup>). Nietemin is dit opvallend dat nie in enigen van die wette oor die gemelde voordele vir die werking van die regresreël voorsiening gemaak word nie.

46. Art 8(1)(b) Wet 30 van 1941. Kyk by hoe dit in verskillende situasies toegepas is in die *Bonheim*-saak *supra*; *Maasberg v Springs Mines* 1944 TPD 1 8 ev; *Scheepers v African Guarantee & Indemnity Co* 1962 3 SA 657 (E) 659 ev; *Botha v Miodownik* 1966 3 SA 82 (W) 88 ev. In art 14 *Motorvoertuigassuransiewet* 29 van 1942 en art 28 *Wet op verpligte motorvoertuigversekering* 56 van 1972 word ook aan versekeraars 'n regs-aanspraak gegee.

47. Dit is by die reëling in die meeste Amerikaanse State. Kyk 48 ALR 2d 1285, 75 ALR 2d 885, 4 ALR 3d 535, 77 ALR 3d 366, en in Engeland — kyk *Parry v Cleaver* 1969 12 All ER 555. So is ook beslis in *Oberholzer v Santam Insurance Co* 1970 1 SA 337 (N) 345H. In *Dippenaar v Shield Insurance Co Ltd* 1979 2 SA 904 (A) 920 (G) is egter anders beslis.

In enkele hofsake het voordele wat seker ook sosiale voordele genoem kan word, ter sprake gekom. In *Roberts v Northern Assurance Co* 1964 4 SA 531 (D) het die verweerder teen Roberts se skadevergoedingsaanspraak opgewerp dat Roberts geen toekomstige uitgawes aan lewensonderhoud sal hê nie aangesien hy lewenslank op die staat se onkoste in 'n inrigting verpleeg sal moet word. Die hof beslis dat die besparing wat uit daardie staatsvoorsiening ontstaan, wel teen Roberts se eis op grond van sy toekomstige verlies aan verdienste verreken moet word (537H). In 'n ander geval, waar die eiser kosteloos in 'n provinsiale hospitaal behandel is, het die Oos-Kaapse hof in *Barnard v Union and South West Africa Insurance Co* 1971 1 SA 537 (E) 538G eweneens voordeeltorekening toegelaat<sup>48</sup>). Die effek van hierdie beslissings is dat die staat (dit wil sê die belastingbetaler) vir die dader se skadevergoedingsaanspreeklikheid instaan.

### 3.6.3 Aanspreeklikheidsversekering

Oor die uitwerking wat nakoming van sy prestasieplig deur die verantwoordelike dader se aanspreeklikheidsversekeraar op die benadeelde se skadevergoedingsaanspraak het, het ek nog geen Suid-Afrikaanse gesag gevind nie. Na aanleiding van die voorgaande kan egter aan die hand gedoen word dat die dader wel op verrekening van daardie voordeel behoort te kan steun<sup>49</sup>). Waarom sou die benadeelde per slot van rekening die voordeel moet ontvang van 'n versekeringskontrak wat deur die dader afgesluit is en waarop hy die premies betaal het?

48. In hierdie gevalle laat die Amerikaanse houe geen voordeeltorekening toe nie, sodat die beseerde die volle gangbare prys van sy behandeling as skadevergoeding kan verhaal al ontvang hy ook goedkoper of gratis behandeling — kyk by 77 ALR 3d 366 371.

49. Die meeste Amerikaanse houe laat hier voordeeltorekening toe — kyk by 11 ALR 3d 1115 ev.

## 4. VERSKILLENDE OOGMERKE MET SKADEVERGOEDING EN DIE LIG WAT DIT OP DIE VOORDEELTOEREKENINGSREËL WERP

### 4.1 Twee moontlike uitgangspunte

Voorheen is reeds daarop gewys dat 'n mens somtyds die argumente hoor dat 'n dader slegs aanspreeklik moet wees vir alle skade wat hy veroorsaak het (wat impliseer dat die voordeeltorekeningsprobleem met 'n kousaliteitsoordeel opgelos kan word<sup>50</sup>), of dat 'n dader slegs aanspreeklik moet wees vir die skade wat die benadeelde werklik gely het (wat impliseer dat die voordeeltorekeningsprobleem aan die hand van 'n skadebegrip opgelos kan word<sup>51</sup>).

Volgens die aanhangers van die kousaliteitsbenadering is dit vir die oplossing van die voordeeltorekeningsprobleem bloot nodig om na die bron of oorsprong van elke voor- en nadelige gevolg van die gewraakte gebeurtenis te vra. Het 'n voordeel byvoorbeeld in die vrygewigheid van 'n derde ontspring, dan word eenvoudig gekonkludeer dat daardie voordeel nie deur die dader *veroorzaak* is nie. Die voor-die-hand-liggende gebrek van so 'n benadering is dat daar slegs oënskynlik van 'n kousaliteitsmaatstaf gebruik gemaak word. Wat die eksponente van daardie benadering in der waarheid sê, is dat die gevolge van 'n gebeurtenis ondersoek moet word om vas te stel of sommige van daardie gevolge inderdaad gevolge van die gebeurtenis is. Hoe is daar dan in die eerste plek vasgestel watter feite gevolge van die betrokke gebeurtenis is as dit daarna (weer deur toepassing van 'n kousaliteitsmaatstaf) weer gekorrigeer moet word? Dieselfde kousaliteitskriterium sal klaarblyklik nie albei kere diens kan doen nie, want watter sin sou dit hê? Die slotsom waartoe hierdie redenasie 'n mens dus nog eens dwing, is dat die voordeeltorekeningsvraag geen kousaliteitsvraag is nie en dat dergelike

50. Nav *British Westinghouse Electric and Manufacturing Co v Underground Electric Railways Co of London* 1911-13 All ER 63 (HL), waar kousaliteit die uitgangspunt was, en *Voet Commentary on the Pandects (Gane)* 9.2.16 se *nova causa interveniens*-stelling word in *Richards v Richardson* 1929 EDL 146 151 'n kousaliteitsmaatstaf aangewend om die voordeeltorekeningsvraag te beantwoord. Kyk verder *Du Randt v Erikssen Motors (Welkom)* 1953 3 SA 570 (O) 572F-G, asook 1951 SALJ 372.

51. Kyk bv vn 11 *supra*.

sienswyses van niks meer as *ex post facto*-rasionalisasie getuig nie<sup>52</sup>).

Geen kousaliteitsmaatstaf as sodanig kan by die beantwoording van die voordeeltorekeningvraag dienstig wees nie. Dit kan maklik aangetoon word want die tipiese gevalle wat hierbo bespreek is, is almal juis gevalle waar daar 'n duidelike oorsaaklikheidsverband tussen die gewraakte gebeure, die skadeberokkening en die verkryging van die tersaaklike voordeel bestaan het. Vandag behoort gevolglik nêrens meer gesê te word dat die onderhawige probleem 'n kousaliteitsprobleem is nie. Dit help dus ook nie om so 'n benadering te verberg agter hoogklinkende spreuke soos *causa sine qua non*, *causa causans* of 'collateral cause/source' nie<sup>53</sup>).

Die geloof dat die voordeeltorekeningsprobleem eintlik met behulp van die skadebegrip opgelos kan word, kom vandag nog algemener voor. Hierbo is reeds verwys na diegene wat meen om daardie probleem as vanselfsprekend in die loop van die hantering van die sommeskadeleer op te los<sup>54</sup>). Daardie geloof kan egter nie gedeel word nie. Afgesien daarvan dat die sommeskadeleer berus op die vergelyking van twee anonieme rekenkundige somme, waarbinne die individuele voordelige en nadelige gevolge van die gewraakte gebeurtenis nie meer geïdentifiseer kan word nie, veronderstel daardie leer iets wat eenvoudig nie bestaan nie. Dit veronderstel naamlik die bestaan van 'n algemeen bekende en aanvaarde kriterium vir die onderskeid tussen die voordelige en die nadelige gevolge van 'n gebeurtenis en gaan dan sonder meer voort om 'n optelsom van die saldo's daarvan te maak. Benewens hierdie tekortkoming (asof dit nie op sigself al voldoende is om die sommeskadeleer ten minste van die voordeeltorekeningsterrein weg te weer nie) kan die sommeskadeleer op die onderhawige terrein *regsonsekerheid* in die hand werk. As dit naamlik van die onderskeie te vergelyke somme gesê kan word dat hulle anoniem is, geld dit *a fortiori* van die resultaat van die vergelyking van daardie somme. Geen mate van ontleding van

52. Kyk ook *HK Outfitters v General Assurance Society supra* 63 H, waar r Botha dieselfde ernstige kritiek uitspreek, en hoe r Van Zyl in *Van Heerden v African Guarantee & Indemnity supra* 731 ev eintlik die onmag van die kousaliteitsbenadering illustreer.

53. Kyk ar Rumpff se duidelike stelling hieroor in *Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt supra* 151F, asook 1963/64 77 Harv LR 741 met die veelseggende titel: „*Unreason in the law of Damages: The Collateral Source Rule*”.

54. Kyk vn. 11 *supra*.

daardie eweneens anonieme rekenkundige resultaat kan dus aan die lig bring welke voordelige en nadelige faktore by die berekening van daardie resultaat in ag geneem is nie, en dit is sekerlik nie vir die regsekerheid bevorderlik nie. In elk geval bring toepassing van die sommeskadeleer dus geen antwoord op die eintlike vrae nie, naamlik 1) of 'n gebeurtenis gevolge gehad het wat as voordelig aangemerkt kan word en 2) of sodanige voordelige gevolge teen die benadeelde se skadevergoedingsaanspraak verreken behoort te word of nie.

Kan die pasgestelde twee vrae nie dalk aan die hand van my eie beskouing oor skade soos dit vroeër gestel is, beantwoord word nie? Indien dit wel die geval sou wees, kan 'n mens tóg sê dat die voordeeltorekeningsprobleem 'n skadeprobleem is en dan net die regte skadebegrip aanvaar. Na my mening kan die eerste bogenoemde vraag wel aan die hand van die voorgestelde skadebeskouing beantwoord word. Indien skade 'n afname in die nuttigheid van 'n getroffe vermoënstruktuur of vermoënsbestanddeel vir die bevrediging van die benadeelde se erkende behoeftes volgens sy eie beplanning is<sup>55</sup>), is die voordelige gevolge van 'n gebeurtenis daardie gevolge wat 'n toename in die nuttigheid van die vermoënstruktuur of vermoënsbestanddeel vir die bevrediging van die vermoënshebbende se erkende behoeftes volgens sy eie beplanning teweegbring. Hiermee is die tweede vraag egter nog onbeantwoord. Dit kan dus eenvoudig nie vanuit hierdie of enige ander skadebegrip opgelos word nie. Die voordeeltorekeningsvraag, te wete of 'n voordeel teen 'n skadevergoedingsaanspraak verreken behoort te word<sup>56</sup>), is nou eenmaal geen skadeprobleem nie.

#### 4.2 Die volledigse moontlike vergoeding van skade as oogmerk met skadevergoedingstoekenning

Alvorens die komplekse regsfeit waaruit 'n skadevergoedingsaanspraak ontstaan tot stand kan kom, moet daar onder andere skade vasgestel kan word. Skade is dus 'n konstitutiewe element van die skuldoorsaak vir 'n

55. Kyk 2 *supra*.

56. Kyk by wat ar Rumpff in *Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt supra* 150F sê.

skadevergoedingsaanspraak<sup>57</sup>). Dat die skadevergoedingsaanspraak in die Suid-Afrikaanse reg in beginsel op niks meer of minder as die volledige vergoeding van skade gerig is nie, is geykte reg<sup>58</sup>). Hiervan getuig byvoorbeeld die nie-verrykingsreël waarop vroeër gewys is<sup>59</sup>).

Absoluut volledige skadevergoeding kan natuurlik nooit geskied nie. Die rede daarvoor is reeds in die ekwivalensie-aard van skadevergoeding geleë. 'n Vergange mate van nuttigheid moet dus agterna so goed moontlik weer nageboots word<sup>60</sup>). Daarbenewens kom daar dikwels aanspreeklikheidsbegrensvrae na vore waarby dit kan blyk dat dit, volgens die gemeenskapsbeskouing van wat in die besondere omstandighede redelik is, in 'n besondere geval nie wenslik is dat heeltemal volledige skadevergoeding sal geskied nie. Hierdie kwalifikasie doen egter nie af aan die algemene beginsel dat die volledig moontlike skadevergoeding moet geskied nie.

Die onderhawige oogmerk met skadevergoedingstoekenning staan ook vader vir die kumulasiereël soos dit in verband met die versekeringsgevalle wat hierbo bespreek is deur die regresreël beperk word<sup>61</sup>). Die benadeelde kan in dergelike gevalle van sy versekeraar en van die dader ontvang tot dat sy skade volledig vergoed is en slegs vir wat hy meer as dit ontvang is hy in 'n trusteeposisie teenoor sy versekeraar.

Tensy die skadevergoedingsreg heeltemal gedenatureer word, moet die primêre oogmerk daarvan die volledig moontlike vergoeding van skade bly. Dit beteken egter nie dat nie ook daarna gestreef kan word om ander oogmerke deur middel van skadevergoedingstoekenning te bevorder nie, maar net dat dergelike oogmerke altyd aan die wesensoogmerk met skadevergoeding ondergeskik moet bly.

57. Kyk bv *Weber v The Africander GM Co* 1898 5 OR 251 255; *Union Government v Warneke* 1911 AD 657 662.

58. Kyk maar net na *Sandilands v Tompkins* 1912 AD 171 179 ev (waar dit juis as rede genoem word waarom nominale skadevergoeding nie hier te lande toegeken word nie); *Hunt v Eastern Province Boating Co supra*; 23; *Denny v SA Loan, Mortgage and Mercantile Agency supra* 59 69; *Pitt v Economic Insurance Co supra* 287; *Myers v Abrams supra* 127 en 2 *supra*.

59. Kyk 3.6 *supra*.

60. Kyk 2 *supra*.

61. In 3.6 *supra*.

### 4.3 Straf as oogmerk met skadevergoedingstoekening

Vandag kan 'n mens sonder vrees vir teenspraak sê dat daar met die private regtelike skadevergoedingsaksie nie 'n strafbedrag verhaal word nie<sup>62</sup>). Nietemin kan dit nie weggeredeneer word dat die dader wat self aanspreeklik gehou word sy aanspreeklikstelling as 'n straf kan ervaar nie. Sy aanspreeklikstelling kan ook meebring dat hy sy doen en late voortaan versigtiger inrig om verdere toekomstige aanspreeklikstelling te vermy. Op sy beurt kan dit weer die algemene peil van optrede verhoog en sodoende die gemeenskapsbelang bevorder<sup>63</sup>). Hierdie strafgedagte word voorts aangehelp deur die gebruik van emosioneel gelade uitdrukkings soos delikpleger, wandader, skuldige, „wongdoer” en „tortfeasor” en deur die klem wat nog in ons skadevergoedingsreg op die skuldvereiste vir aanspreeklikheid gelê word.

Die voorgaande strafgedagte (tesame met sy afskrikkende en rehabiliterende komplemente) verloor egter grootliks hierdie beperkte oortuigingskrag in die moderne skadevergoedingsreg in gevalle waar risiko-aanspreeklikheid sy volle plek begin inneem en waar die benadeelde meesal reeds deur sy versekeraar skadeloos gestel is en laasgenoemde dan sy regsaanspraak teen die dader se versekeraar wil afdwing. Nou begin daar tereg vrae ontstaan oor die bevredigendste wyse waarop die noodwendige koste verbonde daaraan om in 'n gemotoriseerde, geïndustrialiseerde en geoutomatiseerde moderne gemeenskap te lewe, gedra kan word<sup>64</sup>).

Vir sover daar in die lig van die voorgaande nog iets van 'n strafgedagte in die oplegging van 'n skadevergoedingsplig mag skuil, sou 'n mens kon redeneer dat dit niks meer as reg is dat voordeeltorekening nie toegelaat word nie. Ek twyfel nie daaroor dat die nie-juris soms sterk emosionele bevredi-

62. Kyk by *Sandilands v Tompkins supra* 179; *Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt supra* 152F-H; verder ook 1963/64 77 Harv LR 741 748 ev.

63. Kyk veral A Tunc *International Encyclopedia of Comparative Law* vol XI Torts Ch 1 Introduction, June 1973 JCB Mohr (Paul Siebeck) Tübingen, par 155-163 172-178; Bloembergen *op cit* par 250-269. In *Mahomed v Kassim* 1973 2 SA 1 (R,A), 'n lasteraksie, sê hr Beadle (12) dat straf dmv 'n skadevergoedingstoekening opgelê kan word as die gemeenskapsbelang dit verg. Dieselfde gedagte is al in *Botha v Pretoria Printing Works* 1906 TS 710 715 geformuleer.

64. Tunc *op cit* par 168-171.

ging uit so 'n resultaat sal put nie maar, soos reeds aangetoon is, is die bestraffende uitwerking wat 'n skadevergoedingstoekenning in die meeste hendaagse gevalle sal hê, so gering dat 'n daarmee gepaardgaande weiering van voordeeltorekening maar selde op grond van 'n straftoedelingsoogmerk geregverdig kan word<sup>65</sup>).

#### 4.4 Regshandhawing en kosteverspreiding as oogmerke met skadevergoedingstoekenning

In die vorige paragraaf is reeds gesê dat die moontlike aanspreeklikstelling van daders onder meer tot gevolg kan hê dat die algemene peil van optrede verhoog kan word, wat weer inhou dat die regte van individuele lede van die gemeenskap duideliker teenoor mekaar afgegrens en beter teen inbreukmaking beskerm word<sup>66</sup>). Vir die voordeeltorekeningsreël hou dit in dat voordeeltorekening geweier sal moet word so dikwels as wat die toelating daarvan die regshandhawende effek van skadevergoedingstoekenning in die besondere tipe geval sal teenwerk.

Die regshandhawingsoogmerk met sekere skadevergoedingstoekenning kan moeilik van die oogmerk van kosteverspreiding geskei word omdat albei hierdie oogmerke regstreeks op bevordering van die breëre gemeenskapsbelang ingestel is. Juis omdat hierdie twee oogmerke so nou met mekaar verband hou, heers daar 'n fundamentele spanning tussen hulle. Die rede daarvoor is dat met die regshandhawingsgedagte gepoog word om die gemeenskapsbelang te bevorder deur die individue se belange teenoor mekaar af te baken en te beskerm, terwyl die kosteverspreidingsgedagte nie in eerste instansie by individue se belange aanknoop nie. Hierdie verskil in metode bring dan dikwels 'n spanningsverhouding tussen individuele geregtigheid en die breëre gemeenskapsbelang teweeg. Dit is dus goed moontlik dat die voordeeltorekening wat ons hierbo in die lig van die regshandhawingsoogmerk sou weier, ingevolge die kosteverspreidingsoogmerk tog toegelaat sou moes word indien die openbare belang dit verg.

65. Die gevoel van onbehaaglikheid wat soms spontaan ervaar word (kyk 2 *supra*), moet dus buitengewoon noukeurig getoets word.

66. Kyk ook Tunc *op cit* par. 172-178.

## 5. TEN SLOTTE: HET DIE VOORGAANDE BESPREKING 'N KRITERIUM VIR DIE BEANTWOORDING VAN DIE VOORDEELTOEREKENINGSVRAAG AAN DIE LIG GEBRING?

Sonder vrees vir teësprak kan gesê word dat daar uit die voorgaande bespreking 'n hele paar gedagtes of kriteria geblyk het wat elkeen op sigself en binne sy besondere verband beskou, heeltemal aanvaarbare resultate meebring. Van 'n algemeen geldende enkele maatstaf vir die oplossing van alle voordeeltorekeningsvrae het ons egter hoogstens spore, soms duideliker waarneembaar as ander kere, gesien.

Samevattend kan die volgende gesê word:

Aan die grondslae van ons skadevergoedingsreg moet nie getorring word nie. Dit is en bly in die eerste plek op die volledig moontlike en wenslike vergoeding van die benadeelde se skade ingestel. Die implikasie wat dit vir die voordeeltorekeningsproblematiek het, is dat voordele in beginsel eers vir verrekening in aanmerking kan kom nadat die benadeelde se skade so volledig moontlik vergoed is. Die kumulatie- en nie-verrykingsreëls hou regstreeks met hierdie uitgangspunt verband.

Hierbo is daarop gewys dat 'n benadeelde soms met minder as volledige skadevergoeding tevrede moet wees. So 'n kwalifikasie van die algemene uitgangspunt hang saam met die feit dat daar in gepaste gevalle sekere sekondêre oogmerke met die aanspreeklikstelling van skadeberokkenaars nagestreef kan word. Vir die voordeeltorekeningsproblematiek hou dit in dat verrekening wat andersins in ooreenstemming met die grondliggende skadevergoedingsmotief sou plaasvind, nie plaasvind nie omdat daardie aanspreeklikstelling met 'n straf oogmerk geskied. In 'n dergelike geval word die gemeenskapsbelang beter daardeur gedien dat die benadeelde in der waarheid oorvergoed word as wat sou gebeur indien die dader nie vir die volle skade aanspreeklik gehou sou word nie. Net so mag dit wees dat waar regshandhawing of kosteverspreiding met die skadevergoedingstoekenning beoog word, voordeeltorekening eerder geweier moet word en die voordeeltobringer sy uitgawes eerder moet kan verhaal as dat daardie oogmerke prysegee moet word — al het dit miskien oorvergoeding tot gevolg.

Dit moet toegee word dat dit nie altyd voor-die-hand-liggend sal wees wat die doel met aanspreeklikstelling en 'n skadevergoedingstoekenning in 'n gegewe geval is nie. Vir daardie grensgevalle wat noodwendig sal voorkom, is daar egter darem ook raad. In die voorgaande bespreking het veral twee oorwegings in probleemgevalle telkens as bakens gedien wat die pad na 'n oplossing aangedui het. Daardie rigtinggewers was 1) om te kyk na die bedoeling van die bewerker van die voordeel met daardie prestasie en 2) om

te vra na die bedoeling of gesindheid van die ontvanger van die voordeel met sy ontvangs daarvan. Dadelik moet 'n mens toegee dat dit nie altyd ewe maklik sal wees om vas te stel wat daardie onderskeie bedoelings met betrekking tot die voordeel was nie. 'n Oorweging wat, soos in hierdie ondersoek vasgestel is, dikwels die oplossing van hierdie kwessie vergemaklik, is die tipeerbaarheid van sekere voordele as „gekoopte” voordele. Waar dergelike voordele ter sprake is (ongegag of dit ingevolge 'n versekeringskontrak of 'n dienskontrak of deur dienslewering „gekoopt” is) kon telkens sonder meer tot die slotsom geraak word dat om verrekening van dergelike „gekoopte” voordele toe te laat, beslis nie in ooreenstemming met die bedoelings van òf die bevoordeler òf die bevoordeelde sou wees nie — en gevolglik nie moet plaasvind nie.

Op die terrein van die skadevergoedingsreg het die uitdrukking: „reality is stranger than fiction” dikwels meer waarheid as op baie ander terreine. Omdat nooit 'n sinvolle benadering geformuleer sal kan word wat alle denkbare en ondenkbare tipes gevalle sal kan ondervang nie, kan daar beslis voordeeltorekeningsvrae ontstaan wat nie ingevolge die voorgaande gevolgtrekkings bevredigend beantwoord kan word nie. Waarskynlik juis onder die indruk van hierdie dilemma het selfs ons Appèlafdeling al aan die hand gedoen dat die eintlike kriterium vir die oplossing van voordeeltorekeningsvrae in oorwegings van billikheid, redelikheid en die openbare belang gesoek moet word.

Ofskoon die geldigheid en belangrikheid van die pasgemelde oorwegings vir die onderhawige problematiek erken word, moet tog ook tot versigtigheid gemaak word. Vroeër is vasgestel dat daar allerlei primitiewe wraakgedagtes agter 'n eenvoudige billikheidsoordeel mag skuil. Voorts het dit geblyk dat daar somtyds nie aan die hand van so 'n maatstaf onderskei kan word tussen twee ewe billike oplossings waarvan die een miskien om heeltemal ander redes minder wenslik as die ander een mag wees nie. Hoewel billikheid, redelikheid en die openbare belang dus beslis 'n belangrike funksie op die voordeeltorekeningsterrein te vervul het, bied dit nog geen panasee vir alle probleemgevalle nie.

In finale instansie gaan dit by die voordeeltorekeningsprobleem om die basiese filosofie van die skadevergoedingsreg, welke filosofie noodwendig simpatiek met ontwikkelings op ander lewensterreine rekening moet hou — en veral op terreine wat ook met die herstel van skade te make het. Die vergoedingsfilosofie moet dus soepel genoeg wees om by die realiteit en uitdagings van die versekeringsbedryf en sosiale versorgingsreëlins in die gemeenskap aan te pas. Verder moet 'n goed aangepaste vergoedingsfilosofie 'n voordeeltorekeningsreël voortbring wat die betoning van naasteliefde (soos

dit in die dra van mekaar se laste neerslag vind) nie alleen moontlik maak nie maar ook bevorder.

Na my mening is al die nodige aanknopingspunte vir die verdere konkretisering van so 'n voordeeltorekeningsreël wel in ons skadevergoedingsreg aanwesig.

## **BIBLIOGRAFIE**

BLOEMBERGEN, A.R. 1965. Schadevergoeding bij onrechtmatige daad. Deventer, Kluwer.

COHNFELDT, R. 1865. Die Lehre vom Interesse nach römischen Recht. Mit rücksicht auf neuere Gesetzgebung, Leipzig. B. Tauchnitz.

DEGENKOLB, H. 1865. Der spezifische Inhalt des Schadensersatzes.

DE WET, J.C. & VAN WYK, A.H. 1978. Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg. 4e uitg. Durban, Butterworths.

FISCHER, H.A. 1903. Der Schaden nach dem bürgerlichen Gesetzbuch für das deutsche Reich. Jena, G. Fischer.

GRUEBER, E. 1886. The Roman law of damage to property; being a commentary on the title of the Digest ad legem Aquiliam 9.2. Oxford, Clarendon Press.

KEUK, Brigitte 1972. Vermögensschaden und Interesse. Bonn, Röhrscheid.

LARENZ, K. 1976. Lehrbuch des Schuldrechts. Bd. 1 Allgemeiner Teil. 2. neubearb. Aufl. München. Beck.

MEDICUS, D. 1962. Id quod interest. Köln, Böhlau.

MERTENS, H.-J. 1967. Der Begriff des Vermögensschadens im bürgerlichen Recht. Stuttgart, Kohlhammer.

MOMMSEN, F. 1855. Zur lehre von dem Interesse. Braunschweig Schwetschke (Beiträge zum Obligationenrecht, 2.Abt.)

MORRIS, E. 1975. *Technique in litigation*. 2nd ed. Cape Town, Juta.

STAUDINGER, J. von. 1967. *Kommentar zum bürgerlichen Gesetzbuch*. 2. Bd. *Recht der Schuldverhältnisse, Teil I c Lieferung 1*, erläutert von dr. A. Werner und dr. H. Kaduk, 10/11 neubearb. Aufl. Berlin, Schweitzer.

TUNC, A. 1973. *Introduction (to Torts)* (*In International encyclopedia of comparative law*, v. xi: Torts, Chapter 1. Tübingen, Mohr (Siebeck).

VAN DER MERWE, N.J. & OLIVIER, P.J.J. 1976. *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg*. 3e uitg. Pretoria, J.P. van der Walt.

VAN DER WALT, C.F.C. 1977. *Die sommeskadeleer en die „once and for all“-reël*. Pretoria. (Ongepubliseerde proefskrif – Unisa.)